

# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

Gedig 3: Wetenskapmannetjies - Antjie Krog

*Verskuns vir Eerste Addisionele Taal,*  
bladsy 57-59

KONSEP



## Gedig 3. Wetenskapmannetjies - Antjie Krog

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

### Aktiwiteit 3

# 1. Digvorm

*Wetenskapmannetjies* kan as 'n vrye vers beskou word. Die strofes is nie ewe lank nie. Die versreëls is nie ewe lank nie. Daar is geen vaste rympatroon nie alhoewel daar paarrym (versreël 3 en 4) en kruisrym voorkom (versreël 19 en 21). Die gedig bestaan uit 21 versreëls. Daar is vier strofes.

## 2. Analise

Die titel verwys na wetenskaplikes. Die titel is in die verkleiningsvorm geskryf. Dit is verkleinerend/negatief.

### Wetenskapmannetjies - Antjie Krog

1. **Julle** sit **onder** swart teleskope
2. **en kyk na die son**
3. **tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.**
4. **Pateties bepaal julle dan die ligjare**
5. **en vertel dat die son as 't ware**
6. **inkrimp en eendag gaan verdwyn.**



r. 1: “Julle” is die wetenskapmannetjies. “onder” het ook ’n negatiewe konnotasie, beklemtoon die verkleiningsvorm. Alliterasie: Herhaling van die s-klanke  
Funksie: Beklemtoon die spanning/stilte wat die wetenskaplikes ervaar terwyl hulle wetenskaplik na die son kyk.

r. 2: “Julle” spandeer al hulle tyd deur wetenskaplik na die son te kyk. Hulle waardeer nie die son nie.

r. 3: Letterlik/denotatief: die wetenskaplikes sal nooit by die son uitkom nie.

r. 5-6: “as ’t ware” is ’n taalfossiel (argaïese gebruik) wat **so te sê** beteken. Die spreker twyfel in hierdie teorie. Die spreker is nie seker dat die son regtig inkrimp en eendag gaan verdwyn nie.

r. 4: “Pateties” is negatief en verkleinerend. Niemand kan ligjare presies bepaal nie. Inversie/omgekeerde woordorde  
Funksie: Beklemtoon die woord “pateties

## Opsomming van STROFE 1

In die eerste strofe beskryf die spreker die wetenskaplikes en wat hulle doen. Die spreker is sarkasties. Die wetenskap van die son hou hulle so besig dat dit “eensaamheid” (reël 20) veroorsaak.

7. **Ons sit** maar **hoog** op die **windpomp**
8. en **kyk** hoe die son sy kop stamp
9. **teen die rant**
10. hoe hy **bloei**
11. hoe die vaal lug gloei
12. hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.



r. 12: As die son ondergegaan het, is net die donker skaduwees van die bome sigbaar.

r. 11: Hoe verder die son ondergaan, hoe meer versprei die rooi kleur in die lug.  
Alliterasie: Herhaling van die l-klanke. Beklemtoon die verandering van die kleur van die lug wanneer die son ondergaan.

r. 7: “Ons” is die spreker en sy/haar maats.  
“Ons” sit “hoog” en staan in kontras met “Julle” wat “onder” swart teleskope sit (r. 1).  
“maar” beteken hier dieselfde as **net** “windpomp”: Dit is ’n waterpomp wat uit ’n ystertoring bestaan met ’n wiel bo-aan en wat deur die wind gedraai word.

r. 8: Die spreker kyk met waardering na die sonsondergang.  
Alliterasie: Herhaling van die s-klanke. Beklemtoon wat die spreker en sy/haar maats sien wanneer hulle na die son kyk .

r. 9: Die plek waar die son ondergaan.

r. 10: Rooi kleur van die sonsondergang.

## Opsomming van STROFE 2

In die tweede strofe word beskryf wat die spreker en haar maats doen. Hulle waardeer die natuur. Strofe 2 staan in kontras met strofe 1.

13. **daarom**, liewe menere, **teken ek klawertjies**  
14. tussen my **huiswerk**, kry ek **26%**



r. 13: “Daarom” is ’n redegewende voegwoord. Liewe menere is sarkasties bedoel. Sy hou nie van hulle nie. Sy teken eerder “klawertjies” as wat sy huiswerk doen. “Klawer” simboliseer geluk.

r. 14: Die spreker kies geluk bo ’n slaagsyfer. 26 % is ’n druipsyfer.



# Opsomming van STROFE 3

Die wending vind in strofe 3 plaas ...

15. **want** ek luister eerder na  
16. **die verdwaalde korhaan**  
17. **tussen die bossies by die tennisbaan**  
18. **ek kwadreer** liever my vreugdes  
19. **en vind dan die logaritme** van my hartseer  
20. **want syfers** bring **eensaamheid**  
21. **wat geen mens kan keer.**



r. 20: Die rede vir hierdie keuse is om eerder op vreugde en geluk te fokus: Sy wil nie eensaam wees nie.

r. 21: Wetenskap isoleer wetenskaplikes en hulle vereensaam.

Die spreker gebruik in r. 18-21 wiskunde terme en die woord “vreugdes” om sy keuse te verduidelik. “kwadreer” beteken om ’n getal te vermenigvuldig. Die spreker vermeerder die dinge wat haar gelukkig maak.

r. 19: Die spreker werk daaraan om haar hartseer se “logaritme” te vind.

r. 15: In plaas van huiswerk doen, kies die spreker om die natuur te waardeer deur daarna te luister en daarna te kyk in reëls 15 tot 17. (sintuiglike waarneming).

r. 16: “verdwaalde”: Die korhaan het sy pad verloor/verdwaal en is by die skool se tennisbaan en nie in die oop veld nie. ’n “korhaan” is ’n grondvoël wat gewoonlik in die oop veld voorkom en ’n skor geluid maak.

r. 17: Die korhaan moet in die oop veld wees, maar is by die skool se tennisbaan.

## Opsomming van STROFE 4

In die vierde strofe word die redes vir die negatiewe gevoel teenoor wetenskaplikes gegee.

# Opsomming

- Die gedig *Wetenskapmannetjies* kom uit Antjie Krog se eerste bundel *Dogter van Jefta*, toe sy nog op skool was.
- Die spreker neem 'n negatiewe houding in teenoor die “wetenskaplikes” (“Julle”) in wat “ons” wil leer oor die wetenskap, wiskunde en die sonnestelsel.
- Vir die spreker is akademie nie so belangrik soos waardering van die natuur nie. Sy is 'n kind wat na die natuur kyk en dit waardeer sonder om enigiets te verklaar.
- Vir hom/haar is emosies soos pyn en vreugde belangriker as wiskundige terminologie.
- Volgens hom/haar fokus die “Julle” op syfers en dit veroorsaak eensaamheid, terwyl vreugde en hartseer vir “ons” belangriker is as om goed te doen in akademie.

### 3. Tema en boodskap

Die **tema** van die gedig is die negatiewe teenoor wetenskaplikes.

Die **boodskap** uit die gedig is dat mens nie altyd wetenskaplik na die son/natuur moet kyk nie.

# 4. Beeldspraak en stylfigure

## Wetenskapmannetjies - Antjie Krog

1. Julle sit onder swart teleskope
2. en kyk na die son
3. tot julle beseft dat julle nooit daar sal kom.
4. Pateties bepaal julle dan die ligjare
5. en vertel dat die son **as 't ware**
6. **inkrimp en eendag gaan verdwyn**

Titel: Litotes: iets wat groter betekenis het, word minder belangrik gemaak.

Funksie: Die spreker dink min van wetenskaplikes.

r. 1-6: Enjambement kom voor in vrye vers om die gedig tot 'n eenheid te bind. Dit help dus ook om 'n aaneenlopende vloeiende indruk te skep.

r. 5-6: Elisie: 'n Letter word uit die woord weggelaat. Dit word gedoen ter wille van ritme.  
Betekenis: as dit sou wees. Die spreker is dus nie seker dat die son regtig gaan verdwyn nie.

7. Ons sit maar hoog op die windpomp
8. en **kyk hoe die son sy kop stamp**
9. teen die rant
10. **hoe hy bloei**
11. **hoe** die vaal lug gloei
12. **hoe** die bome tot silhoeëtte verskroei.

r. 8 en 10: Personifikasie: die son kry menslike kwaliteite soos “kop” en “hy bloei”.  
Funksie: Beklemtoon hoe mooi die sonsondergang is.

r. 10-12: Al die reëls begin met dieselfde woord – “hoe”. Twee van die reëls se tweede woord is ook dieselfde – “die”. Die herhaling lei tot beklemtoning van die prag van die sonsondergang..

R 1-12 Kontras: “Julle” (Wetenskapmannetjies) staan in kontras met “ons” (die spreker en sy/haar maats). Hulle dink anders oor die lewe.

13. daarom, **liewe menere**, teken ek **klawertjies**  
14. tussen my huiswerk, **kry ek 26%**

r. 14: Ironies: Die klawertjies bring haar nie geluk wanneer sy toets skryf nie. (26 % is 'n druippunt)

r. 13: Apostroof: Die spreker praat direk met die wetenskaplikes en is sarkasties. Sy hou nie van hulle nie

r. 13: “klawertjies” simboliseer geluk. Dit maak haar gelukkig om klawers te teken.





15. want ek luister eerder na
16. die verdwaalde korhaan
17. tussen die bossies by die tennisbaan
18. en kwadreer liever my vreugdes
19. en vind dan die logaritme van my hartseer
20. want syfers bring eensaamheid
21. wat geen mens kan keer.

r. 18-20: **Kontras:** Die spreker beklemtoon wat hy/sy wil voel en hoe die wetenskaplikes voel.

r. 18: **Metafoor:** Die spreker gebruik wiskunde terme om te verduidelik dat “geluk” en “hartseer” vir hom/haar belangriker is as syfers (wetenskap/wiskunde). Die spreker wil sy/haar geluk “kwadreer” (vermeerder).

r. 19: **Metafoor:** Die spreker wil “hartseer” se “logaritme” vind.

r. 18-19: **Kontras:** Die spreker beklemtoon hoe hy/sy voel (“vreugdes” teenoor “hartseer”).  
Herhaling van die “en”.

## 5. Toon en stemming

**Toon:** In die gedig, Wetenskapmannetjies, voel die spreker negatief/opstandig teenoor die wetenskaplikes en waardeer (bewonder) die natuur.

**Stemming:** Daar heers 'n ernstige/ neerhalende / negatiewe/ verkleinerende stemming.

# Aktiwiteit 3

Voltooi aktiwiteit 3 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord die vrae.

- 3.1 Hoekom gebruik die spreker die verkleinwoord in die titel? (1)
- 3.2 Watter EEN woord in strofe 1 bewys dat die spreker nie positief oor die wetenskaplikes is nie? (1)
- 3.3 Watter TWEE groepe mense word teenoor mekaar gestel? (2)
- 3.4 Wat bedoel die spreker moontlik wanneer sy sê “Julle sit onder swart teleskope”? (versreël 1) (1)

# Aktiwiteit 3

3.5	Haal TWEE aparte woorde aan om te bewys wat, volgens die wetenskaplikes, met die son gaan gebeur.	(2)
3.6	Hoekom dink jy, sit die spreker en haar maats “hoog op die windpomp”? (versreël 7) Gee TWEE moontlike redes.	(2)
3.7	Die spreker en haar maats sit “maar” op die windpomp. Wat suggereer die woord “maar”?	(1)
3.8	Watter tyd van die dag sit die spreker en haar maats op die windpomp?	(1)

# Aktiwiteit 3

3.9	Verduidelik die progressie van die kleur in strofe 2.	(3)
3.10.1	Watter TWEE sintuie gebruik die spreker om haar waarneming van die natuur te beskryf?	(2)
3.10.2	Watter gevoelens is vir die spreker belangrik? Noem TWEE.	(2)
		[18]

# BRONNE:



- **Slide 4**
- Hamleys Children's telescope. Takealot.



- **Slide 6**
- <https://www.freeimages.com/photo/chimney-rock-national-historic-site-1875594>



- **Slide 8**
- [https://istockphoto.6q33.net/c/246195/270498/4205?u=https%3A%2F%2Fwww.istockphoto.com%2Fphoto%2Ffour-leaf-clover-gm500577150-80852177&adplacement=srp\\_freephotos\\_top\\_thumbs&sharedid=four+leave+clover&adid=1281084](https://istockphoto.6q33.net/c/246195/270498/4205?u=https%3A%2F%2Fwww.istockphoto.com%2Fphoto%2Ffour-leaf-clover-gm500577150-80852177&adplacement=srp_freephotos_top_thumbs&sharedid=four+leave+clover&adid=1281084)



- **Slide 10**
- <https://media.istockphoto.com/photos/woodcock-scurrying-across-the-snow-picture-id140474940?s=612x612>

*Every child is a National Asset*

*Dankie.*

[www.education.gov.za](http://www.education.gov.za)

Facebook: DBE SA

Twitter: @DBE\_SA

Callcentre@dbe.gov.za

Callcentre: 0800 202 933